



Mind Moves® en 'n krieketdoelwit het positiewe effek op akademie

Rudine Ferreira

Divan* het by my gekom as 'n baie stil seun. Hy het gedurende die eerste sessie byna glad nie gepraat nie en het min emosie getoon.

Hy is op 36 weke met 'n noodkeisersnee gebore maar het ook op die piektyd van sy emosionele ontwikkeling sy pappa verloor. Tydens die toets het sy Wegtrekrefleks nie so aktief getoets nie, maar sy liggaam se reaksie op die Mororefleks was die aanduiding dat hier intense aandag gegee moes word nadat die wegtrekrefleks aangespreek is.

Angstigheit het Divan skoolwerk baie nadelig beïnvloed en dit was te verstane dat hy nie volgens potensiaal presteer het met hoofsaaklik 'n gestalt profiel waarvan albei uitsette geblokkeer is. Dus was dit ook nie vreemd dat mamma gekla het dat hy tuis sy werk ken, maar dit nie kan weergee by die skool nie.

Divan het 'n groot liefde vir krieket en hoewel mamma graag sou wou hê dat sy doelwit iets met akademie te doen moet hê was dit glad nie vreemd dat hy vir homself 'n krieketdoelwit gestel het nie.

Ons voor en na-toetse het ook dan met krieket te doen gehad wat natuurlik vir hom baie pret was. Ons het mooi bepaal wat is alles nodig om goed te kan krieket speel – goeie balans, vinnige reaksies, goeie koördinasie en motoriese beplanning. Met die doelwit gestel het Divan en mamma fluks geoefen. Opgewonde het ons gesien hoe sy krieket en akademie verbeter. Hier is die briefie wat sy met my gedeel het:

Divan se vordering vandat hy met Mind Moves begin het:

Net nadat ons met Mind Moves begin het, het Divan eksamen geskryf. Hy het baie makliker geleer as die vorige kwartaal. Meeste van sy punte het ook verbeter op sy rapport. Hy het in die eksamen vir 4 van sy 7 vakke in die 80% gekry. Dit het nog nooit gebeur nie, gewoonlik kry hy 1 of 2 in die 80%.

In die vakansie het ons hom na 'n krieket kliniek in Rustenburg gevat. Hy was ongelooflik bang vir die bal. Dit het gelyk of hy 'n angsaanval gaan kry op die veld. Die volgende wedstryd het ek eers sy balans- en asemhalingsoefeninge (Mind Moves Antennaversteller, Mind Moves Kragkakelaar, Mind Moves Helder Wakker, Mind Moves Bolyfswaaier, Mind Moves Massering) gedoen voor hy opgegaan het om te kolf. Hy het as 'n selfversekerde speler op die veld gestap en sy plek gaan inneem. Hy het gemaklik met die 1ste twee balle 4 lopies geslaan. Hy was gemaklik op die veld en ek kon duidelik sien dat daar geen angstigheid is nie. Die transformasie was iets ongelooflik om te aanskou! Ek kon nie glo dat 5 minute se oefeninge so 'n reuse verskil maak nie.

Baie dankie Rudine!!!



Die hele ervaring het my net weereens laat besef hoe belangrik dit is dat leerders hulle eie doelwitte moet stel om sukses te verseker.

Divan kom nou vol selfvertroue en baie gesellig by my en was gemotiveerd om te presteer toe ek hom laas gesien het.

[Rudine Ferreira](#)

Gevorderde Mind Moves
Instrukteur, Botahville

*Skuilnaam